

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Met my gaan dit goed, maar met my rekenaar nie so goed nie. Die mense wat weet van sulke dinge het my oortuig dat my rekenaar nou baie oud is en kan doen met nuwe binnegoed. Behalwe dat ek 'n tyd sonder my rekenaar was, is alles nou deurmekaar en anders [verander van Windows 98 na Windows XT] en is ek voortdurend op soek na dinge wat nou nie meer is waar dit eers was nie. Al wat regtig vreeslik mooi is die prentjie voorop, groen heuwel met blou lug. Ek kan heeldag daarna kyk.

Ek vra verskoning aan diegene wie se briewe ek nie beantwoord het nie. My e-pos adreslys is nog daar maar die briewe kon ek nog nie oppoor nie. My posbus is leeg.

Hier is nou nog 'n aantal ou koerante in my mikrofilmversameling. Dit is die “*Staatskoerant DER ZAR*” vanaf 25 September 1857 tot 30 Des 1868. Dit is nie baie interessante leesstof nie, meestal staatsake en baie min persoonlike stories. Vir die mense wat belangstel in genealogie is daar tog heelwat name van mense en die plase wat hulle wat hulle besit het. Ook die vroeë kerkgeskiedenis word baie volledig gedek. Een stukkie geskiedenis wat ek nog nooit voorheen raakgeloop het nie is 'n advertensie [Staatskoerant 18-12-1857] van John Robert Lys waarin hy sê hy was vroeër van Nelsons-kop en gaan nou 'n handelshuis in Pretoria open. Meeste boeke sê net hy was een van die eerste inwoners maar niemand kon nog ooit 'n datum vir sy aankoms in Pretoria gee nie.

Die klok van die St. Alban's Katedraal

Eerwaarde Wilkinson, die Biskop van Zululand, het 'n klok aan die St. Alban's Katedraal geskenk wat in Junie 1874 oorhandig is. Albert Brodrick, een van die inwoners van Pretoria, het 'n gedig oor die klok geskryf, met die titel “The Exiled Bell”. Die gedig is in die Volksstem gepubliseer en is ook in Engeland gelees waar dit heelwat belangstelling gelok het.

Helaas die klok het nie 'n lang lewe in Pretoria gehad nie. Die klok is aan 'n houtstaander voor die kerk gehang. Die middag van 7 November 1874 was daar 'n vreeslike storm in Pretoria, die staander het meegegee, die klok het geval en gekraak.

Ek wonder wat het van die klok geword? Die klok wat huidiglik voor die Katedraal hang is ter nagedagtenis van Mary Elizabeth Bamber wat oorlede is in Augustus 1927. Ek sien darem dat die klok in 'n konkreet toring vasgesit is, so die storms kan maar kom.

Agtergrondstudie

Eerwaarde Wilkinson, Biskop van Zululand

Die Volksstem van 22 Augustus 1873 skryf dat Biskop Wilkinson en sy eggenote in Pretoria aangekom het. Hulle het die reis van Zululand na Heidelberg te perd afgelê en sommige dae tot 60 myl ver gery. Hul voornemens is om verder na Potchefstroom en miskien ook Bloemfontein te gaan. Die Biskop sal Sondag die dienste in die Engelse kerk waarneem. Volgende Vrydag sal hulle weer vertrek.

Die Biskop het so baie van Pretoria gehou dat hy besluit het om hom later hier te vestig. In die Volksstem van 5 September word daar geskryf dat hy 'n woonhuis en nog drie erwe gekoop het van die Heer P. Marais vir 'n bedrag van £1,500 [ongelukkig word daar nie gesê waar die erwe

geleë is nie]. Dit word genoem dat die Biskop beplan om jaarliks ‘n paar maande in Pretoria te bly.

Die nuus van 18 April 1874 is dat die Biskop sy intrek geneem het in die huis wat hy vroeër gekoop het.

Op 13 Junie 1874 noem die koerant dat die Biskop ‘n klok geskenk het aan die Engelse gemeente van Pretoria. Die klok is op ‘n houtstaander opgerig en sy klank kan reeds in Pretoria gehoor word.

Die biskop het ‘n groot belangstelling in sterrekunde gehad. In Pretoria is daar in 1873 die “Transvaal Litterere en Wetenskap Genootskap” gestig. Die byeenkomste is gewoonlik in die Volksraadsaal gehou en verskeie mense het as sprekers opgetree. Een van die sprekers was die Biskop en van die lesings wat hy aangebied het was ondermeer getiteld “Astronomie” die “Aardkors” en by ‘n ander geleentheid “Sterrekunde”.

Albert Brodrick

Hy was seker een van die interessantste karkaters van ou Pretoria en oor hom kan daar nog baie geskryf word. Sy winkel/kantien/besigheid was op die Noord Oostelik hoek van Kerkplein en Kerkstraat maar dit is veral as digter wat hy naam gemaak het. Sy verse is gereeld onder verskeie skuilname in koerante gepubliseer en later [in 1875] het hy ook ‘n digbundel uitgegee. Die naam van die bundel was *Fifty Fugitive Fancies in Verse* en is uitgegee deur Celliers en Rous. Dit is interessant om te weet dat Brodrick en Rous met twee susters getroud was [dogters van Eerw. Cole]. Dit is die eerste boek wat in Transvaal gedruk en uitgegee is.

Brodrick het die vermoë gehad om met woorde te speel, en as mens mooi lees sien jy ook die verskuilde betekenis agter sy gedigte. Hier volg ‘n paar verse uit die Exiled Bell. Kyk hoe word dit ook van toepassing op die Engelse wat Pretoria hul nuwe tuiste gemaak het. ‘n Foto van hom en van sy winkel is te sien op bladsy 22 van die *Euufees-Album Pretoria se eerste eeu in Beeld* wat uitgegee is in opdrag van die Stadsraad van Pretoria in 1952.

The Exiled Bell

Through the wide meadows; far down the stream –
On quiet Sabbaths in my English home
My voice has rang out to the listner: “Come
Rest from your toil – wake from your world’s wild dream.”

Through ivied chinks – from our wind worn nest
I and my mates had spoken many years
We rang of gladness; and we drew salt tears
From weary souls whose loved ones were at rest

Can you not see the village? the white street?
The stream? the mill? the inn with shining panes
The wood? the winding flower-scented lanes?
The wealth of grass-hid violets at your feet

And all is left behind! An Exile I
Must never more be heard where I was born
No more brown English lasses in the corn
Shall turn to hear me as the eve draws nigh.

In some wild freak, or good generous one,
They bore me from my mates like a sad slave
And sent me over a wide waste of wave
To sing alone beneath an African sun

Still I shall boldly speak, e'en as of yore
And not alone shall my mission be
To signal men to Prayer's sweet mystery
My voice shall wake in him, ah! more far more

It shall wake in him thoughts, seldom stirred
And in wild scenes beneath the alien skies
In fancy he shall take into his eyes
The home where first his mother's voice was heard.

St. Alban's Katedraal

Die geskiedenis van Pretoria is soos 'n groot legkaart vol ontbrekende dele. Al die deeltjies van die legkaart is daar, jy moet net weet waar om te soek. Toe ek verlede jaar 'n afdruk van die 1879 kaart van Pretoria [Geteken deur die Intelligence Branch of the Horse Guards] by Gerrit Brooks kry merk ek iets wat nie rym nie. In Kerkstraat Wes is daar twee kerke geteken. Oom Paul se kerk tussen Potgieter en Schubart straat en 'n onbekende kerk tussen Schubart en Bosman Straat. Ek het gewonder of dit nie 'n fout op die kaart is nie, tot ek nou begin oplees oor St. Albans Katedraal.

Die eerste St. Albans Kerk [Anglikaanse kerk] was in Kerkstraat Wes en is in ge-open gedurende die Paasaweek van 1872. In 1875 word die kerk te klein en 'n nuwe kerk word in 1878 gebou op die huidige perseel in Schoemanstraat. Weereens het die kerk te klein geword en in 1908 is die eerste gedeelte van die katedraal wat deur sir. Herbert Baker ontwerp is, gebou. Dit is die katedraal wat vandag nog daar te sien is.

Die Storm van 1874

Die Saterdagmiddag van 7 November 1874 het 'n vreeslike storm Pretoria getref. In die Raadsaal waar die Volksraadsitting aan die gang was [op 'n Saterdag middag?] het dit so donker geword dat die mense nie kon sien om te skryf nie. Die Hollands klink baie mooier as wat ek dit in Afrikaans kan vertaal: "Zij werd ons beschreven als een zwart wolk massa, die op de stad aanrolde en telkens met korte tusschenpoozen schitterend verlicht werd deur felle bliksemstralen." Hael so groot soos duifeiers het geval en 'n stormsterkte rukwind het gewaai.

Die Volksstemdrukkery se dak het afgewaai. Die hele ysterdak met sparre en geelhoutbalke van 20 voet het deur die takke van 'n wilgeboom getrek en 75 tree verder op 'n roosheining geval. Een van die balke het op die goewermentskool geval, een vensterraam totaal versplinter en 'n kraak in die muur veroorsaak.

Die nuwe winkel van J.R. Lys se ysterdak is geheel uit die balke gelig en dit het veroorsaak dat die voorlys op die stoep se dak val en dit verpletter. Die huis van J. Wolmerans by Derdepoort se dak het ook afgewaai. Die oes van die heer R. Jackson is platgeslaan en so ook die van J.C. Nielen Marais.

Dit is ook die middag wat die kerkklok se staander omgewaai en klok gekraak het.

Die volgende van Anton Jansen oor klokke, horlosies en uurwerke

Jy haal aan oor die klokke in die Raadsaal en in die volgende paragraaf haal jy aan oor die behoefte aan 'een publieke klok, die behoorlik gereguleerd behoort te word om steeds den regte tyd aan te wyzen. Sooals't nu gaat houdt elkeen die een horlogie heeft, syn eigen tyd er op...' (sic).

Daar is soms 'n bietjie verwarring tussen 'n klok en 'n horlosie. 'n Klok is 'n hol metaal voorwerp wat van smal bo, uitbuig na onder en 'n klepel bevat, wat as die klok beweeg word, teen die onderste rand van die klok slaan en dan 'n klank voortbring.

'n Horlosie is 'n meganisme om die verloop van tyd te meet, dit kan 'n sandloper of 'n sonwyser of 'n wateruurwerk of 'n veer-, gewigte-, of slingeraangedrewe uurwerk wees, in Latyn 'n *horologium* genoem.

Daar is ook kombinasies van klokke en horlosies soos byvoorbeeld 'n uurwerk wat 'n wyserplaat en 'n slagmeganisme bevat, dink maar aan die outydse grootvaderklokke.

Die Pretoria-stasie het 'n toringhorlosie maar nie klokke nie, die Hoofposkantoor het 'n muurhorlosie maar ook nie 'n klok nie. Die Ou Raadsaal het egter 'n toringhorlosie in kombinasie met klokke - sien vorige nuusbrief. So ook die Uniegebou, in beide torings is daar 'n horlosie maar in die Westoring is die horlosie gekombineer met die klokke.

Afgesien van hierdie spul tegniese inligting sou dit interessant wees as jy met behulp van die nuusbrieflesers 'n opname kon maak van alle publieke horlosies en klokke in Tshwane, wie die eienaars is en of hulle in werkende toestand is.

Ek gee 'n paar voorbeelde.

Ou Raadsaal: klokke en toringhorlosie; funksioneer nie; eenaar Gauteng Provinsiale Regering; huurders Tshwane Metropolitaanse Munisipale Raad. Volgens Gauteng Provinsie is hulle nie verantwoordelik nie; volgens Tshwane Raad huur hulle slegs die gebou maar nie die klokke en horlosie nie!

Stadsaal van Pretoria; kariljon en horlosie; horlosie funksioneer nie; Tshwane Raad is verantwoordelik maar geen departement durf verantwoordelikheid te aanvaar nie.

Pretoria Stasie; toringhorlosie; geen klok(ke) nie; was na brand op 21 Februarie 2001 gerestoureer, maar tydens my besoek 'n maand gelede het die horlosie gestaan.

So kan ons voort gaan met klokke en/of horlosies: Verdedigingshoofkwartier. [Anton Jansen]

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel